Direkteur Sinode

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton
Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

---

17 Februarie 2021

Vir aandag: Skribas, Leraars en Voorsitters van kerkrade

Geagte kollegas,

SINODE 2021 : GELOOFSBRIEWE EN ANDER REËLINGS (18 - 21 OKTOBER 2021)

Die tyd begin nou aanstap na ons volgende Oos-Kaaplandse Sinode, van Maandag, 18 tot Donderdag, 21 Oktober 2021. Mens kan dit skaars glo, maar dit is nou tyd vir julle as kerkrade en gemeentes om die reëlings te begin tref. (Let ook op die opmerkings oor Covid hieronder.)

1. KENNISGEWING VAN SINODALE VERGADERING

Ons het reeds op 23 November 2020 kennis gegee dat ons sinode van 18-21 Oktober 2021 by die Willows-konferensiesentrum, net buite Port Elizabeth, vergader. Die sitting moes reeds in 2020 plaasvind, maar is in die lig van Covid-19 met 'n jaar uitgestel.

Covid-19 en die Sinode

Die Covid-19-bedreiging is tans ver van verby, met 'n derde vlaag wat ongeveer vanaf Maart tot Mei voorspel word. Intussen begin immunisasie. Ons is dus vol vertroue dat die situasie teen middel-Oktober 'n sinodale vergadering moontlik sal maak. Indien enigiets verander sal ons betyds 'n alternatiewe reëling tref.

Ons versoek kerkrade dus om voort te gaan om die beplanning soos in hierdie skrywe uiteengesit te implementeer. Ons hou ons oog voortdurend op die ontplooiende situasie.

Waarom 'n Sinode waardevol is

In die ou dae is sinodale vergaderings gekenmerk deur eindelose verslae en lang debatte. Dit was vervelend en het aan dié vergaderings 'n slegte naam gegee. Dit is nou al vir meer as twee dekades nie waar van die Oos-Kaapse sinodes nie. Dié word gekenmerk deur geestelike insette en 'n versterkende geestelike reis.

Ons onderskei saam, sing saam en bid saam. Aangesien prof Stephan Joubert se insette soveel waarde by ons vorige sinode gehad het, nooi ons vanjaar vir prof. Marius Nel om dagwydings te lei en elke dag opbouende insette oor gemeente-wees te maak. Prof Nel is 'n boorling van die Oos-Kaap, was vir lank 'n gemeente-predikant en het 'n lewendige belangstelling in gemeente-wees.

Daar sal ook ander waardevolle insette vir die plaaslike bediening wees.

Om mekaar te leer ken, is ook belangrik. Ons gee genoeg tyd vir ontspan en kuier. Moenie bang wees nie. Willows is teen die see, waar jy ook kan gaan stap of op die rotse sit. Daar sal nie 'n vervelige oomblik wees nie.

2. KEERDATUMS

Die volgende keerdatums geld vir Sinode 2021:

2.1 **15 Junie 2021** : Indien van Geloofsbriewe (aangehegde vorm, ook aanlyn PDF – MS Word)
2.2 **12 Julie 2021**: Indien van Beskrywingspunte en Versoekskrifte

3. LOGISTIEK

3.1 **DATUM**: 18 - 21 Oktober 2021. Die datum is reeds in 2020 bekendgemaak.
3.2 **PLEK**: Die sinode word by die Willows Vakansieoord net buite Port Elizabeth gehou. Sien kaart.
3.3 **KOSTE**: Hoewel die reëling is dat kerkrade die koste van die sinodale vergaderings dra, het die Sinodale Kommissie besluit die sinode dra vanjaar die koste van die vergadering. Die doel is om gemeentes sover moontlik in die Covid-tyd by te staan.
3.4 **TYD**: Ons begin op 18 Oktober om 09:00 tot 11:00 met registrasie, en sluit op 21 Oktober om 14:00 af.
3.5 **AFGEVAARDIGDES**: Alle gemeente-predikante en diensleraars (indien u gemeente reeds oor hierdie nuwe poskategorie beskik) woon die sinode by, asook 'n kerkraadslid per predikantspos. Gemeentes met vakatures vir predikante moet asb. 'n kerkraadslid in die leraar se plek afvaardig, d.w.s. twéé afgevaardigdes stuur. Belangrik: Probeer asb. ook jonger persone en vroue stuur (d.w.s. nie net afgetrede persone nie), sodat die diversiteit van lidmate t.o.v. ouderdom en geslag op die sinode verteenwoordig kan word.
3.6 **REISKOSTE**: Reiskoste sal streng vir een voertuig per gemeente of vir een motor per vier afgevaardigdes betaalbaar wees.

4. DATUMS VIR U BEPLANNING

4.1 Geloofsbriewe

Die **keerdatum** vir die inhandiging van geloofsbriewe is **15 Junie 2021**. Elke kerkraad moet sy LYS afgevaardigdes teen hierdie datum op die **voorgeskrewe geloofsbrief** (onderteken) stuur aan:

Direkteur Sinode
Ds DW Mouton
Posbus 34842
Newtonpark
6055
Faks: 0865 860 623
Epos: sinode@ngkok.co.za

4.2 Blanko geloofsbrief aangeheg

'n Blanko geloofsbrief word vir u aangeheg. Dit is ook aanlyn beskikbaar MS Word | PDF. Gebruik asb. hierdie geloofsbrief, dit is pasgemaak vir die sinode. 'n Groot uitdaging gaan wees om die

sakelys betyds by elke afgevaardigde te kry. Ons het daarom **volledige posadresse**, asook 'n **e-posadres** en **selfoonnommer** vir **elke afgevaardigde** nodig.

4.3 Beskrywingspunte
Alle beskrywingspunte wat u kerkraad of ring wil inhandig, moet teen **12 Julie 2021** by die Skriba Sinode (KO 35.4.1) ingehandig wees. Klik hier vir riglyne hoe om 'n beskrywingspunt te formuleer.

5. SLAAPPLEK: BESPREKINGS BY WILLOWS

5.1 Let wel: **Die Sinodale Kantoor hanteer slaapplekbesprekings volgens die geloofsbriewe**. Die beginsel van eerste bespreek, eerste gehelp geld hier. Dit is belangrik dat u die geloofsbrief volledig voltooi, en aandui of slaapplek by Willows benut word.

5.2 Die UITGANGSPUNTE en VOORWAARDES vir verblyf is:

a) Ons aanvaar dat afgevaardigdes uit gemeentes van Port Elizabeth en omgewing tuis gaan oornag. Willows het nie slaapplek vir almal nie, dit spaar die sinode baie geld, en bring die eenheidskoste af. Hierdie afgevaardigdes hoef dus nie by Willows te oornag nie.
b) Afgevaardigdes van ver is ook welkom om ander verblyf in die stad te bespreek. U kan by familie of vriende, of in privaat verblyf tuisgaan. In daardie geval sal 'n maksimum bedrag van R260 per nag, vir nie meer as drie nagte nie, aan u betaal word.
c) Persone wat vóór of ná die Sinode by Willows wil oornag, moet dit met die sinodale kantoor reël. Die gemeente / afgevaardigdes is self vir daardie koste verantwoordelik. Ons sal u van 'n faktuur vir hierdie koste voorsien wat betaal moet word voordat ons die bespreking sal finaliseer.
d) Ontbyt by Willows tydens die sinode is slegs beskikbaar vir persone wat op Willows oornag. Die ander etes is vir alle afgevaardigdes.
e) Daar is koffiestasies, water en drinkgoed met etes en teetyd beskikbaar. Alle ander drinkgoed wat u bestel is vir u eie rekening.

6. NAVRAE

Vra gerus indien enigiets vir u onduidelik, of indien u verdere inligting benodig.

Baie dankie vir u samewerking.

Ds Danie Mouton
Direkteur Sinode